Desember 2019 **BULLETIN** December 2019

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

Ons wens al ons lede en hul naastes 'n rustige en vreedsame Feestyd toe.

Ons vertrou dat 2020 'n voorspoedige en goeie jaar vir almal sal wees.

We wish all our members and their dearest a restful and peaceful Festival Season.

We trust that 2020 will be a prosperous and good year for all.

Ons volgende Maandelikse Vergadering is op:

Maandag, 27 Januarie 2020: 09h00 for 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

This and that ...

We ended the year on a high note with our last monthly meeting when Louis Hiemstra gave a very interesting talk on Leonardo da Vinci. In his talk Louis not only provided insight into the interesting life and work of this remarkable man, but explained why he is still regarded by many as the greatest painter of all times. Leonardo's use of perspective in his drawings and paintings changed the whole course of art.

Ons is nog steeds op soek na die persoon wat op 22 Oktober hul R30 ledegeld in ons bankrekening inbetaal het, maar net "U3A Stilbaai" as verwysing gegee en nie hul naam nie. Ons het geen bevestigende epos ontvang van enige van ons lede vir hierdie betaling nie.

Twee nuwe lede het ook hul ledegelde betaal met hul name as verwysing, maar ons het geen epos vir hulle nie en kan dus nie die nuusbulletins en ander kennisgewings aan hulle stuur nie. Maria van Rensburg het op 8 November haar ledegelde betaal, en Dina Adendorff het op 25 November betaal. As enige van julle een van hierdie persone ken, vra hulle tog om asseblief 'n epos na *info@u3astilbaai.org* te stuur sodat ons hul kontak details het.

U3A STILBAAI COURSES

The following courses, which are for members only, is currently available:

- **Bird Identification for Beginners** : The first two 2020 courses are fully booked, the third course is filling up. Please contact Johan at *rooyenvanjohan@gmail.com* if you are interested. More information about this course is available on the Bird Group section of the U3A Stilbaai website, *www.u3astilbaai.org/birdgroup*.
- **Gevorderde Voëlgroep Kursusse**:

  Kortkursus oor die koesters en lewerikke van Hessequa. Hierdie is aangebied tydens die Voëlgroep se byeenkoms van 29 Oktober 2019 en dit sal weer aangebied word indien nodig. Persone

wat belangstel in 'n 60-90 minute kursus kan vir Johan van Rooyen by *rooyenvanjohan@gmail.com* kontak. Dit sal aangebied word sodra 5 of meer persone belangstel.

Kortkursus oor swaels en windswaels van Hessequa. Eerste aanbieding word beplan vir die Voëlgroep se byeenkoms van 17 Maart 2020.

Kortkursus oor tinktinkies (en klopkloppies) en sangers van Hessequa. Eerste aanbieding word beplan vir die Voëlgroep se byeenkoms van 14 Julie 2020.

U3A STILBAAI GROEPE

Die volgende groep aktiwiteite vind plaas; onthou dat groep aktiwiteite is slegs vir lede van U3A Stilbaai:

- **Aandele Groep** : Die Aandele groep kommunikeer meestal per epos, maar vergader af en toe; lede wat belangstel kan Christo by *christoprins208@gmail.com* kontak.
- **Astronomie groep** : Die groep kom gereeld bymekaar om sterre te kyk indien die weer geskik is; kontak Deon by *begemannd@gmail.com* as u by die groep wil aansluit.
- **Fotografie Groep** : Die Fotografie groep vergader die tweede Maandag van elke maand om 18h00 in Die Waenhuis, enige lid wat belangstel kan Lawrence by *barltrop@telkomsa.net* kontak.
- **Neurowetenskap Groep** : Die Neurowetenskap Groep vergader die derde Woensdag van die maand om 14h00 in Die Waenhuis. Kontak asseblief vir Jenni by *jennisharkey@gmail.com* indien u belangstel.
- **Stapgroep** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Dalene by *daleneo59@gmail.com*.
- **Voëlgroep :** Kontak Krysia by *krysiasolman@gmail.com* indien u belangstel om by die Voëlgroep aan te sluit. Die groep het ook gereelde voëlkyk uitstappies, kontak Pieter by *soetpiet2@gmail.com* as u belangstel. Meer oor die groep is beskikbaar op *www.u3astilbaai.org/birdgroup*.

U3A STILBAAI OUTINGS / UITSTAPPIES

- **Getting to Know Stilbaai.** The Getting to Know Stilbaai outings will continue in 2020, unfortunately a combination of unforseen circumstances prevented us from doing them this year; we will keep you informed. Members only.
- **Historiese Bergpasse Uitstappie**. Ons moes ongelukkig die twee uitstappies wat vir November beplan is kanselleer; die eerste as gevolg van swak weer in die berge. Die tweede uitstappie moes ons op die laaste oomblik kanselleer omdat die aanbieder siek geword het, in pleks van 'n rit oor die berge, het hy inderhaas 'n rit na Bayview Hospitaal geneem vir 'n nood operasie. Ons is jammer vir die ongerief wat hierdeur veroorsaak is. Ons sal die uitstappies weer aanbied op 'n geskikte tyd vanaf Maart wanneer die weer bietjie koeler is – ons sal al ons lede nader aan die tyd kontak en inlig oor die uitstappie.

TALKS TO COME ...

The provisional programme for the first five months of 2020 is as follows:

27 January 2020:	Mike Steytler discusses his experiences with a talk – "Amputation: Psychological and physical preparation and consequences."
24 February 2020:	Oliver Iltisberger discusses the "Smart Future"
30 March 2020:	Herman du Toit talks about Languages and Translations.
27 April 2020:	Pieter du Toit describes his travels in Tibet.
25 May 2020:	Niel van Wyk discusses Stilbaai East's dune dilemma.

---oooOOOooo---

U3A Stilbaai *verbeter die lewens-kwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*

U3A Stilbaai *improves the quality of life of people of mature age, especially retirees, and encourages the maintenance of intellectual capacity through stimulating programmes of learning and teaching and the social contacts derived therefrom.*